
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2024

# GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ______________________ . ________________
________________ . ________________________ . __________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van die opstel gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ____________________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I√ |
| • Argument | LOA↕ |

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Toon soms bewys van ŉ gestruktureerde en beplande argument.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

***Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
  Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE BURGERLIKE SAMELEWING IN SUID-AFRIKA DIE IMPLEMENTERING VAN DIE WET OP STEDELIKE BANTOERADE GEDURENDE DIE 1980's TEENGESTAAN?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Driekamerparlement wat blankes, Kleurlinge en Indiërs ingesluit het
- 'n Huis van die Parlement met kamers van verskillende rassegroepe Blankes, Kleurlinge en Indiërs
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Swart plaaslike raadslede wat verkies is om die townships te bestuur (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Verset teen apartheid het toegeneem
- Die burgerlike samelewing het teen apartheid verenig
- Die apartheidsregering was gedwing om apartheid te beëindig
- In die 1980's het Suid-Afrika onregeerbaar geword
- Die 1980's het die mees gewelddadigste tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Stakings
- Massabetogings
- Skoolboikotte
- Huurboikotte
- Verbruikersboikotte (Enige 2 x 1) (2)

1.2 1.2.1 *Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om die beheer van die apartheidstaat teen te staan
- Om die belange van plaaslike gemeenskappe te bevorder

(2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Albei organisasies wou apartheid beëindig
- Albei organisasies wou politieke regte vir alle Suid-Afrikaners hê
- Albei organisasies het geglo Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon
- Albei organisasies wou die lewensomstandighede van alle Suid-Afrikaners verbeter
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Huur
- Munisipale dienste
- Openbare vervoer
- Swak ontspanningsgeriewe
- Swak kinderversorgingsfasiliteite (Enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V2]*
- Gewone burgers het geglo dat die reg om 'n land te regeer in die hande van die mense moet wees
- Die mense van Suid-Afrika het die reg gehad om hul eie leiers te kies
- Besluite/wette moet nie net deur 'n paar uitgesoektes geneem word nie, maar gewone burgers moet ingesluit word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Om Suid-Afrikaners te motiveer om teen apartheid te verenig
- Gemeenskapsrade verwerp omdat hulle apartheid handhaaf
- Bevorder die gebruik van geweld om apartheid te vernietig
- Suid-Afrikaners om meer militant te word om apartheid af te breek
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Huurboikotte versprei na 54 townships
- Ongeveer 300 000 huishoudings betrek (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hoë koers van werkloosheid
- Oorbevolking in townships/ Tekort aan huise
- Swak lone ontvang
- Inflasie het die koste van basiese voedsel verhoog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- United Democratic Front (UDF) (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3.4 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 1C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Die swart raadslede is as 'sell-outs'/ marionette van apartheid gesien
- Die VCA is gestig om die plaaslike verkiesings te boikot
- Hulle het die strukture van apartheid gehandhaaf
- Baie swart raadslede het nie die toestande in die townships verbeter nie, maar die huur verhoog
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- 'n Beroep word op inwoners gedoen om te betoog teen die hervormings wat deur die regering afgedwing word
- Gewone mense spreek hulle teen onregverdige behandeling in Suid-Afrika uit
- Die mense verwerp die swart plaaslike owerhede
- Burgerlikes verwerp die Wet op Stedelike Bantoerade
- Verskillende organisasies het die burgerlike organisasie/huurboikot ondersteun
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'verwerp gemeenskapsrade'
- 'moenie stem nie'
- 'eis beter behuising
- 'eis lae huurbetalings' (Enige 2 x 1) (2)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1C en 1D – V3]*

- Bron 1C meld dat die Vaal Civic Association gestig is om die swart plaaslike regeringsverkiesings teen te staan, en Bron 1D toon dat gemeenskapsrade verwerp word en gemeenskappe aangemoedig word om nie in die verkiesings te stem nie.
- Bron 1C dui aan dat die VCA teenkanting gemobiliseer het deur vergaderings te hou, terwyl Bron 1D die plakkaat wys wat die inwoners oproep is om 'n belangrike vergadering by te woon
- Beide bronne beklemtoon dat burgerlikes huurverhogings verwerp het
- Beide bronne dui aan dat hulle die swart plaaslike owerhede verwerp het
- Beide bronne beklemtoon dat die gemeenskappe / burgerlikes PW Botha se hervormings verwerp het
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Hervormings wat as kosmeties beskou word (eie kennis)
- Die regering het gemeenskapsraadslede bekendgestel wat verantwoordelik vir dorpsadministrasie was (Bron 1A en Bron 1B)
- Afrikane sal toegelaat word om vir hierdie owerhede te stem, maar nie vir die nasionale regering nie (Bron 1A)
- Swart Plaaslike Owerhede het beperkte magte gehad, aangesien hulle steeds deur die staat beheer is (Bron 1A)
- Raadslede was korrup en het hulself verryk (eie kennis)
- Raadslede is as uitverkopers beskou (Bron 1A en Bron 1B)
- Swart Plaaslike Owerhede is deur burgerlike organisasies verwerp (Bron 1B en Bron 1D)
- Optogte, stakings en boikotte georganiseer teen die regering, wat die land onregeerbaar maak (eie kennis)
- Gemeenskappe het meer polities bewus geword (Bron 1C)
- Huurverhogings het tot huurboikotte en vergaderings gelei (Bron 1C en Bron 1D)
- Ekonomiese en politieke griewe van die mense het tot protes teen die apartheidsregime gelei (Bron 1C)
- Die (huur) boikotte was 'n poging om apartheid onwerkbaar te maak (Bron 1C)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom die burgerlike samelewing in Suid-Afrika die implementering van die Wet op stedelike Bantoerade gedurende die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom die burgerlike samelewing in Suid-Afrika die implementering van die Wet op stedelike Bantoerade gedurende die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom die burgerlike samelewing in Suid-Afrika die implementering van die Wet op stedelike Bantoerade gedurende die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GEPOOG OM VERSOENING IN SUID-AFRIKA TE BEVORDER?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1*
- 'Om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek'
- 'Om amnestie toe te staan aan daardie oortreders wat volle openbaarmaking gemaak het'
- 'Die kommissie moes ook versoening en eenheid onder Suid-Afrikaners bevorder' (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V2]*
- Om oortreders aan te moedig om na vore te kom en die waarheid oor hul gruweldade te openbaar
- Die WVK het die waarheid gesoek en die waarheid gebruik om 'n nuwe nasie te genees en te bou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die WVK het gefokus op die oortreders en slagoffers van politieke misdade wat van 1960 tot 1994 gepleeg is
- Dit was die eerste herstellende geregtigheidsproses in Suid-Afrika
- Verskaf platform vir oorlewendes om hul stories te vertel
- Voorsien 'n forum vir oortreders om slagoffers en hul gesinne te ontmoet
- Om afsluiting te bring
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- 'Die kommissie het 21 300 verklarings ontvang'
- '38 000 growwe skendings van menseregte' aangeteken'

(Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
**Verwerp dit as 'n instrument wat poog om:**
- 'Afrikaner-geskiedenis te oneer'
- 'Die bydrae wat sy voorvaders tot Suid-Afrika gemaak het te oneer'

(2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

(a)
- Skaamteloos en hardkoppig
- Toon geen berou nie
- Het nie respek vir die posisie van Tutu/WVK getoon nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

(b)
- Versoenend
- Toon respek en empatie vir voormalige vyande
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- PW Botha was die leier van die regering wat gruweldade gepleeg het
- Geleentheid om die nasie te genees en berou vir apartheidsdade te toon
- Neem verantwoordelikheid vir die dade van menseregte-skendings
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Bepaling van die beperkings* van bewyse uit *Bron 2B – V3]*

**Hierdie bron is BEPERK omdat:**

- Bevooroordeelde/Eensydige siening van menseregtevergrype deur die Nasionale Party-regering
- Onthul nie die gruweldade wat deur die bevrydingsbewegings gepleeg is nie
- Stel die Nasionale Party-regering in 'n negatiewe lig
- Dui nie aan dat sommige lede van die bevrydingsbeweging ook geweier het om voor die WVK te verskyn nie / nie hul verkeerde dade in die openbaar erken het nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- WVK wou die waarheid van oortreders hoor
- Oortreders moes in die openbaar verantwoordelikheid vir hul dade neem
- Die WVK het gepoog om Suid-Afrika se verdeelde verlede te genees
- Dit openbaar die WVK se poging om die nasie te versoen
- Dit wys oortreders soos Botha het weerstand gebied om na die WVK te kom
- Die WVK het probeer om PW Botha na die WVK-verhore te bring
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'Desmond Tutu' (1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van* bewyse uit *Bronne 2B en 2C – V3]*

- Bron 2B dui aan dat Tutu, PW Botha probeer oorreed het om voor die WVK te verskyn en Bron 2C wys hoe Tutu sukkel om PW te kry om voor die WVK te verskyn
- Bron 2B dui aan dat Tutu agteroor gebuig het om PW te oortuig om voor die WVK te verskyn, en Bron 2C wys letterlik hoe Tutu sy rug gebuig het om PW voor die WVK te probeer kry
- Beide bronne onthul dat nie alle Suid-Afrikaners ten gunste van versoening was nie
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 2.5.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2D – V1]*

- Herstel vriendskaplike verhoudings tussen voormalige vyande
- Om mense te verenig of mense bymekaar te bring na die verdeeldheid wat deur apartheid veroorsaak is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- 'Dit is tot stand gebring in reaksie op ŉ diepe wens vir versoening in die harte van baie Suid-Afrikaners'
- 'Mense wat nie dalk grusame skendings van menseregte gepleeg het nie, maar nietemin hul spyt wil aandui oor mislukkings in die verlede om alles te doen wat hulle kon gedoen het om sulke skendings te voorkom'
- 'Mense wat op een of ander simboliese wyse hul verbintenis tot ŉ nuwe soort toekoms wil demonstreer waarin menseregteskendings nie sal plaasvind nie' (Enige 2 x 1) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Hulle wou hul berou toon vir grusame menseregteskendings wat tydens apartheid gepleeg is
- Wou ŉ openbare verbintenis tot die herbou van ŉ nuwe Suid-Afrika maak
- Om vergifnis te vra dat hulle stilgebly het toe gruweldade deur die apartheidsregering gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- 'Maar nou is daar ŉ nuwe geleentheid om tot hierdie land te verbind'
- 'Om respek vir menseregte te bou'
- 'Om die land te help ontwikkel'
- 'Om die ideale wat in die grondwet vervat is, werklik te maak'

(Enige 2 x 1) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- WVK is gestig om grusame menseregteskendings te ondersoek (Bron 2A)
- Die WVK het volle amnestie aan diegene gebied wat na vore gekom het en hul misdade bely het (Bron 2A)
- Die WVK het ŉ platform vir slagoffers en oortreders gebied om mekaar te ontmoet (eie kennis)
- Die WVK het die geleentheid geskep vir slagoffers om van hul lyding te vertel (eie kennis)
- Suid-Afrika se WVK was ten gunste van herstellende geregtigheid (Bron 2A)
- WVK het leiers van die apartheidsregime na die WVK-verhore ontbied (Bron 2B)
- Slagoffers het die geleentheid gehad om diegene wat hul geliefdes seergemaak het te konfronteer (eie kennis)
- Tutu was instrumenteel in die poging om PW Botha te oortuig om voor die WVK te verskyn (Bron 2B en Bron 2C)
- Sommige veiligheidspolisie wat by menseregteskendings betrokke was, het die waarheid oor gruweldade onthul (Bron 2C)
- Vergoeding gegee aan slagoffers van grusame menslike oortredings (eie kennis)
- Baie slagoffers het sluiting by die WVK gevind (eie kennis)
- Die dag versoening is deur baie mense ondersteun (Bron 2D)
- Deur die register te teken, het baie Suid-Afrikaners in die openbaar hul verbintenis tot versoening getoon (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gepoog het om versoening in Suid-Afrika te bevorder.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gepoog het om versoening in Suid-Afrika te bevorder.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gepoog het om versoening in Suid-Afrika te bevorder.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **6–8** |

(8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui tot watter mate die Swartbewussynsbeweging (SBB) die ingesteldheid van swart Suid-Afrikaners verander het om die apartheidsregime in die 1970's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer tot watter mate die SBB die ingesteldheid van swart Suid-Afrikaners verander het om die apartheidsregime in die 1970's uit te daag.

**UITBREIDING**

- Rede vir die vorming van die Swartbewussynbeweging (agtergrond)
- **Biko se filosofie van Swartbewussyn (SB)**
- Maak swartmense bewus van die euwels van apartheid
- Kweek 'n gevoel van eiewaarde en selfvertroue by swart Suid-Afrikaners
- Herstel swart trots
- Verander die manier hoe swart Suid-Afrikaners hulself sien
- Bemagtig hulle om apartheid te konfronteer
- Biko het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om hulself te laat geld en dinge vir hulself te doen
- Elimineer die gevoel van minderwaardigheid
- **Die rol van Steve Biko:**
- Vorming van SASO
- SASO het SB-idees oor die kampusse van die etnies geskeide universiteite versprei
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak
- Moedig studente aan om hulself van apartheid te bevry
- Biko het selfbevryding bevorder
- Hy het geglo dat assosiasie met blankes die bevrydingstryd ondoeltreffend maak en dat swartes hulself moet bevry
- Selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe met ander BC-leiers gestig
- BC-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- **Swart Bewussyn word ŉ nasionale beweging**
- 1972 is die Black People's Convention gevorm
- Gemik daarop om swartmense van beide sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring, bv. Zanempilo-kliniek, Ginsburg, en Zimele Trust Fund
- Het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union in 1973
- **1976 Soweto-opstand**
- Leerders by skole in Soweto was ongelukkig omdat; meeste staatsbefondsing na wit skole gegaan het, erge oorbevolking in klasse, kurrikulum was beperk en onderwys het leerders op hande- en ongeskoolde arbeid voorberei.
- Die instelling van Afrikaans as onderrigmedium in 1975 in swart skole het massaprotes ontketen.
- SB het geleerdes beïnvloed wat tot die vorming van SASM gelei het
- Die SASM het besluit om ŉ massabetoging teen Afrikaans as onderrigmedium te hou.
- Op 16 Junie 1976 het duisende Soweto-leerders ŉ vreedsame protes aangepak.
- Later het die optog gewelddadig geword en honderde is beseer en doodgemaak (Hastings Ndlovu en Hector Pietersen).
- Woede oor die polisie-aksies het leerders amok gemaak deur die strate van Soweto en simbole van apartheid soos geboue en wit besighede verbrand.
- Studente het in ballingskap gegaan

- **Regering se persepsies van SBB**
- Aanvanklik was die Suid-Afrikaanse regering nie bekommerd oor die SBB nie, aangesien dit soortgelyk het aan sy eie beleid van afsonderlike ontwikkeling
- SB het sterker geword omdat dit ŉ uitdaging aan die staat gestel het
- Dit het ŉ massabeweging geword wat apartheid ondermyn het
- Biko se toesprake het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om apartheid te verwerp
- SB-idees spoor die werkers aan om met stakings te begin
- SBB het disinvesteringsmaatskappye ondersteun

- **Regering se reaksie op Biko se filosofie**
- Verban en huisarres van Biko en ander leiers
- SB-leiers is verbied om in die openbaar te praat
- BPC-aktiviste is sonder verhoor aangehou
- SASO is op universiteitskampusse verbied
- Biko is gearresteer en ondervra
- Biko is in 1977 wreed deur die veiligheidspolisie vermoor
- Die nalatenskap
- Enige ander relevante inligting

- **Slot:** Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet saamstem of nie – saamstem dat die Suid-Afrika se pad na demokrasie deurspek (geteister) was met wydverspreide uitdagings en onoorkombare (onoortreflike) struikelblokke.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet standpunt inneem en aandui of Suid-Afrika se pad na demokrasie deurspek (geteister) was met wydverspreide uitdagings en onoorkombare (onoortreflike) struikelblokke.

**UITBREIDING**

- De Klerk kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990
- Het gelei tot die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- Die opheffing van beperkings op COSATU en AZAPO ens.
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet: ANC-afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela en die NP-afvaardiging onder leiding van FW de Klerk)
- Apartheidswetgewing herroep soos die Wet op Afsonderlike Reservering van Geriewe
- Pretoria-minuut, 6 Augustus 1990 (ANC het ingestem om die gewapende stryd op te skort)
- KODESA 1 (19 politieke partye uitgesluit AZAPO, CP en PAC – 300 afgevaardigdes het vergader)
- Geweld breek uit in verskeie dele van Suid-Afrika soos die Witwatersrand en Natal (uitdaging)
- Slegs blankes referendum en die impak daarvan (Maart 1992) (uitdaging)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) het ineengestort. Partye kon nie ooreenkom oor ŉ nuwe grondwetmakende liggaam en tussentydse regering nie (uitdaging)
- Die NP wou minderheidsveto hê terwyl ANC ŉ tussentydse regering vir nie langer as 18 maande en gewone meerderheidsregering wou hê nie (uitdaging)
- Die Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en die gevolge daarvan (uitdaging)
- Die Bhisho-slagting (7 September 1992) het die proses van onderhandelinge amper ontspoor. (uitdaging)
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (toewyding)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika (uitdaging en toewyding)

Kopiereg voorbehou 

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Belangrikheid van die Veelparty-onderhandelingsforum vir Suid-Afrika se toekoms (toewyding)
- Regse (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum (World Trade Centre) en die gevolge daarvan (uitdaging)
- Sonsondergangklousule wat deur Joe Slovo ingestel is, het die dooiepunt van onderhandelinge verbreek (toewyding)
- St James-slagting in Julie 1993 – APLA oop vuur – 11 gedood en 58 gewond (uitdaging)
- Heidelberg Taverne-slagting (skietery) – 31 Januarie 1993 (uitdaging)
- Shell House-slagting (uitdaging)
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig (toewyding)
- Motorbomme – ANC-hoofkantoor en Jan Smuts-lughawe (uitdaging)
- ANC het verkiesings gewen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Enige ander relevante antwoord.

- **Slot**: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of die ineenstorting van kommunisme in 1989 grootliks verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- **Inleiding:** Kandidate moet standpunt inneem en aandui of die ineenstorting van kommunisme in 1989 grootliks verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

**UITBREIDING**

- Gorbachev se beleid van Perestroika en Glasnost
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie gedisintegreer en die impak daarvan
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa het in duie gestort
- Politieke veranderinge in die res van die wêreld plaas druk op die apartheidsregime om veranderinge aan te pak
- Die ineenstorting van kommunisme het beide die Nasionale Party en die ANC geraak
- Die Nasionale Party was nou bereid om met die ANC te onderhandel
- Die Nasionale Party se vrees vir ’n kommunisties-beheerde ANC het nou ongegrond gelyk
- Na die ondergang van kommunisme in die Sowjetunie; die ANC het nie verdere steun van die Sowjetunie ontvang nie
- Die ANC kon nie meer op die USSR staatmaak om dit ekonomies of met wapens te ondersteun nie
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen ’n kommunistiese oorname beskerm, was naïef
- Westerse wêreldmoondhede het die stap ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos
- Daar was geen twyfel dat voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners deur die apartheidsregime nie volhoubaar was nie en politieke onstabiliteit tot gevolg sou hê.
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig is om die ontwikkeling van ’n sterk middelklas in te sluit wat as ’n ‘bolwerk teen die rewolusie’ sou optree.
- PW Botha het ’n beroerte gehad en is deur FW de Klerk opgevolg
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie ’n sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Dit het De Klerk in staat gestel om in gesprek met die bevrydingsorganisasies te tree
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ''n nuwe en regverdige grondwetlike bedeling' aangekondig
- De Klerk het alle anti-apartheidsorganisasies ontban, insluitend die ANC, PAC en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party
- Dit het die einde van apartheid en die begin van die proses van onderhandelinge aangedui
- Enige ander relevante antwoord.

- **Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS